# BOLAND SAGES

# NUUSBRIEF

**MEI 2025**

---

## INLEIDING

Hierdie is Boland SAGES se Nuusbrief vir Mei 2025. Dit bevat ook nuus van die Nasionale Toernooi wat in Bloemfontein gehou was.

## TERUGVOER VAN NASIONALE AJV 2025

Die Nasionale Algemene Jaarvergadering was op 15 Mei 2025 by Bloemfontein (Schoeman Park) gehou.

Hoogtepunte van die vergadering is:

Nuwe NBK Lede. Die nuwe NBK lede, wat verkies is, is:

Andre Blom – Nasionale President

Con Esterhuysen – Nasionale Visie-President

Elfie Alston – Nasionale Sekretaris (Elfie het intussen weens persoonlike en gesondheidsredes bedank.) Die portfolio van Nasionale Sekretaris is dus vakant en 'n process van nominasie en verkiesing sal binnekort volg.

Eddie Mantle – Nasionale Tesourier.

Assistente vir die Sekretaris en Tesourier. 'n Mosie is ter tafel gelê dat daar 'n assistant vir die Nasionale Sekretaris aangestel moet word weens sy werklading en om kontinuïteit te verseker indien iets onvoorsiens gebeur. Die mosie was goedgekeur en is ook uitgebrei om die Nasionale Tesourier in te sluit. Aangesien daar tot dusver geen nominasies was nie, het die vergadering besluit dat die NBK onderhandelinge met geskikte kandidate moet voer en hulle in die posisies moet aanstel.

Toekomstige Nasionale Toernooie. The vergadering het besluit dat die volgende takke die komende Nasionale Toernooie sal aanbied:

2026 – Jimmy Gowans

2027 – Outeniqua

2028 – Zululand

2029 – Oos-Vrystaat

2030 – Oostelike Provinsie

Toekomstige Streektoernooie. Die vergadering het besluit dat die takke van 'n spesifieke streek moet besluit watter takke die volgende en toekomstige Streektoernooie sal aanbied.

Lewenslange Erelidmaatskap – Eddie Mantle. 'n Mosie dat lewenslange erelidmaatskap aan Eddie Mantle toegeken moet word, was ter tafel gelê. Die mosie was goedgekeur.

## MEI 2025

12 - 16/05 Bloemfontein (SAGES Nasionale Toernooi). Die SAGES Nasionale Toernooi was in Bloemfontein gehou en deur die Vrystaattak aangebied. Die toernooi was by Schoeman Park en Bloemfontein bane gehou. Beide bane was in 'n goeie toestand gegewe die droogte in die begin van die jaar.

Die weer was baie goed alhoewel die oggende redelik koud was met temperature wat tussen 2 en 4 grade was. Dit het later in die dag warmer geword.

Daar was 20 lede van Boland in die toernooi.

Formaat. Die eerste twee dae van die toernooi was 4BBBS en is in pare en vierbalspanne gespeel. Die vierbalspanne moes van dieselfde tak wees om vir die spanprys te kwalifiseer. Die laaste twee dae was as enkelspelkompetisies gespeel. Die "A"-afdeling het houespel (medal) gespeel en die ander afdelings het enkel Stableford gespeel.

Uitslae

Beterbal. Die uitslae was in verskillende kategorieë bereken. Die eerste kategorie was vir die spanne en die pare wat die Maandag op die Schoeman Park baan begin het en die tweede kategorie vir die spanne en pare wat die Maandag op Bloemfontein baan begin het.

Boland het die Maandag op Schoeman Park begin en die vierbal van Anton van der Spek, Con Esterhuysen, Hugo van Zyl en

Frans Conradie het in die 6de plek klaargemaak. Die vierbal van Andre de Klerk, Kobus Müller, Des de Wet en Liam Dyason het in die 10de plek klaargemaak. Hugo van Zyl en Frans Conradie het in die 7de plek vir die pare oor die twee dae klaargemaak.

Dit wil lyk asof daar ‘n tegniese probleem in die tellingstelsel was, aangesien die vierbal van Anton, Con, Hugo en Frans met ‘n telling van 169 klaargemaak het. Dit behoort die 9de plek algeheel te wees, maar hulle name verskyn nie op die finale uitslaglys nie.

Enkelspel. Die uitslae was weereens volgens die beginbaan bereken. Des de Wet het 6de in die A-afdeling klaargemaak. Morne de Wet het 3de in die D-afdeling klaargemaak.

Spogtwee. Frans Conradie ‘n spogtwee op die 6de putjie Maandag op Schoeman Park behaal.

29/05 Hermanus (Vierhoekige Toernooi Boland, Langeberg, Overberg en Westelike Provinsie). Die kompetisie was as ‘n span- en beterbalkompetisie gespeel.

Die weer was goed, maar daar het ‘n baie sterk noorde wind gewaai wat speeltoestande baie moeilik gemaak het.

Daar was 30 spelers in elke span.

Boland het die kompetisie met 535 punte gewen. Westelike Provinsie was tweede met 531 punte, Overberg derde met 503 punte en Langeberg vierde met 491 punte.

Ongelukkig is die volledige uitslae nie beskikbaar nie, maar Hugo van Zyl en Frans Conradie het die Beterbalkompetisie met 43 punte gewen. Bill Steyn/Gert Geldenhuys 40 punte, Des de Wet/Liam Dyason 40 punte en Morné Philander Neville Minnaar 39 punte was ook in die pryse. Oswald Kesner en Exul le Roux het ook 39 punte gemaak, maar hulle was nie in die pryse nie.

## SPOG-TWEE BALLE

**Spelers word weereens daaraan herinner dat hulle die "spog-twee bal" direk na die rondte persoonlik by die tellinghouer moet kry, met die telkaart as bewys. Spog-twee balle sal nie oorgehou word soos in die geval met ander pryse nie.**

## TOEKOMSTIGE BYEENKOMSTE

### JUNIE 2025

12/06 Wellington. Hugo van Zyl reël die dag.

26/06 Strand. Hierdie is die Intertakkompetisie tussen Boland en Westelike Provinsie. Frans Conradie reël die dag. ‘n Maksimum van 60 spelers per tak word toegelaat. Finale getalle sal binnekort beskikbaar gestel word.

### JULIE 2025

10/07 Devonvale. Gert Geldenhuys reël die dag.

24/07 Stellenbosch. Hierdie is die jaarlikse Intertak tussen Boland en Langeberg. Frans Conradie reël die kompetisie. ‘n maksimum van 60 spelers per tak word toegelaat.

## BOEKIES 2025-2026

Die boekie vir die 2025-2026 is nou by die Sekretaris beskikbaar. **Vra asseblief vir jou kopie**.

## LIEF EN LEED

Gerrit Vermeulen maak goeie vordering met sy herstel.

June Perrett is op 10 Mei 2025 oorlede.

Die Komitee word nie ingelig ten opsigte van lede of direkte familielede wat siek word of ernstige probleme ondervind nie en kan dus nie altyd terugvoer gee oor die nuutste status nie.

Ons wens almal wat reeds voorheen genoem is en besig is om te herstel 'n spoedige herstel toe.

## VERJAARDAE VIR JULIE 2025

02. Poke Pienaar.

05. Madeleine du Plessis.

08. Roland Sallmann.

11. Andy James, Loraine Smit.

26. Ken Robertson.

27. Victor Hunt.

29. Rosely Hurter.

30. Hannelize Upsher.

Ons hoop dat almal 'n wonderlike dag sal hê.

## TELKAARTE

'n Spesiale versoek aan alle spelers om die tellinghouer te help om die kaarte na te gaan vir volledigheid en korrektheid. Voltooi asseblief die kaart ten volle. Dit sluit die individuele punte en die optel van daardie punte in.

**TELKAARTE MOET BINNE 10 MINUTE NADAT DIE RONDTE VOLTOOI IS INGEHANDIG WORD. MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT JOU KAART INGEHANDIG IS. DIT IS ELKE SPELER SE VERANTWOORDELIKHEID OM TE VERSEKER DAT DIE TELKAART VOLLEDIG INGEVUL, GETEKEN EN INGEHANDIG IS. DIT GELD OOK VIR BEIDE BETERBAL EN SAMESPEL TELKAARTE. TELKAARTE MOET DEUR BEIDE DIE SPELER EN DIE MERKER OP DIE REGTE PLEKKE GETEKEN WORD.**

## SPEELMAATS

**Spelers word daaraan herinner dat hulle saam met die maat in 'n "Beter-bal"-kompetisie, soos op die speellys aangedui, MOET speel. Die gewoonte om by die baan aan te kom en dan 'n speelmaat te kies, maak dit uiters moeilik om die verrigtinge te bespoedig, aangesien die rekenaar opgestel word om die tellings SSM na die spel te finaliseer.**

## OOPMAAK VAN RONDTES

Die oopmaak van 'n rondte is die speler se **PERSOONLIKE** verantwoordelikheid. By die kleiner Klubs mag hulle dalk nie die fasiliteite hê, weens rekenaarsteslselbeperkings en internet aansluitings, om rondtes oop te maak nie.

**DIT WORD AANBEVEEL DAT ALLE LEDE DIE HNA TOEP (APP) AFLAAI EN OP HULLE SELFONE INSTALLEER EN DIT GEBRUIK OM RONDTE OOP EN TOE TE MAAK.**

Sommige spelers het versuim om by onlangse wedstryde hulle rondtes oop te maak en sommige het selfs nadat hulle versoek is om die rondtes oop te maak, dit nog steeds nie gedoen nie. Indien 'n speler nie sy/haar rondte oopmaak nie sal die speler se tuisklub gekontak en van die situasie verwittig word, aangesien ons verplig word om volgens die reëls, soos neergelê deur R&A en HNA, te speel.

## PLAASLIKE REëLS

**VANAF 01 JULIE 2024 SAL MEESTE, INDIEN NIE ALLE KLUBS NIE, DIE "GEEN PLASING REëL, SOOS DEUR DIE R&A VEREIS, TOEPAS**. Sommige Klubs mag variasies of aanpassings tot die plasingreël toepas, veral wanneer die bal skoongemaak moet word.

Plaaslike reëls van die gasheerklub, soos die raakslaan van kraglyne en –pale, sandkuile, gratis afgooi rondom bome en ander obstruksies en nog meer, **MOET** nagekom word. Die nie-nakoming van plaaslike reëls is 'n verpligte straf van **TWEE** houe.

Neem ook kennis dat hierdie plaaslike reëls op die **spesifieke** Klub van toepassing is en mag dalk nie by ander Klubs toepaslik wees nie.

**BEVESTIG DIE PLAASLIKE REëLS DEUR DIE KENNISGEWINGBORD, PRO-SHOP OF AFSETTER TE RAADPLEEG VOORDAT SPEL BEGIN**.

## KLERE

Kontak Debbie de Wet by 083-212-8996 of dewetdeborah5@gmail.com vir enige klere-behoeftes.

Om nuwe lede en diegene wat klerasie benodig te help, sal 'n poging aangewend word om Debbie de Wet so laat as moontlik te laat speel om sodoende beskikbaar te wees om klere te verkoop.

Spelers wat nie korrek op die baan of by die prysuitdeling aangetrek is nie, sal verwittig word dat hulle nie die kleredragreëls nakom nie. Hulle name sal aangeteken word en toekomstige nakoming sal dopgehou word.

## BELANGRIKE TOEKOMSTIGE GEBEURE

1. Kaap Streektoernooi 2025. Die datums vir die Kaap Streektoernooi vir 2025 is bevestig as 13 en 14 Oktober 2025 beplan. Die Toernooi sal deur Boland aangebied word. Die baan is Langebaan Country Estate. Die kwalifiseringstydperk is van **01 September 2024 tot 31 Augustus 2025**.
2. SAGES Nasionale Toernooi 2026. Die Toernooi sal by Randpark gespeel word en deur Jimmy Gowans aangebied word. Die datums moet nog bevestig word, maar dit sal gedurende Maart 2026 wees.

## BEPALINGS VIR 2025/2026

12 Junie 2025 – Wellington – Hugo van Zyl

26 Junie 2025 – Strand – Bol vs WP – Frans Conradie

10 Julie 2025 – Devonvale – Gert Geldenhuys

24 Julie 2025 – Stellenbosch – Bol vs Lang – Frans Conradie

14 Augustus 2025 – Shelley Point – Andre de Wet

28 Augustus 2025 – Strand – Bol vs Ovb – Frans Conradie

11 September 2025 – Langebaan – Andre de Wet

18 September 2025 – Helderberg Village – Gert Geldenhuys

02 Oktober 2025 – Malmesbury – Hugo van Zyl. (Die plek mag verander word as gevolg van die toestand van die baan.)

**13 – 14 Oktober 2025 – Langebaan – Streektoernooi – Boland**

23 Oktober 2025 – Kuilsrivier – Gert Geldenhuys

03 November 2025 – Durbanville – KANSA – Hugo van Zyl

20 November 2025 – Vredenburg – Andre de Wet

04 Desember 2025 – Somerset-wes – Gert Geldenhuys

15 Januarie 2026 – Kleinmond – Gert Geldenhuys

29 Januarie 2026 – Langebaan – Andre de Wet

**12 Februarie 2026 – Kuilsrivier – Klubkampioenskap/AJV – Hugo van Zyl.**

26 Februarie 2026 – Wellington – Hugo van Zyl

12 Maart 2026 – Strand – Gert Geldenhuys

**Datum moet nog bevestig word – Randpark Johannesburg – Nasionale Toernooi – Jimmy Gowans**

26 Maart 2026 – Ceres – Hugo van Zyl